NUUSKRUMMELS

20 Augustus 2020

The tallest planted tree in the world staan meters hoog in Magoebaskloof in Limpopo.
En elke jaar word daar tydens staptoere en skoolkampe foto's by dié boom geneem. So midde die natuur, waar tyd stilstaan, het dié reuse boom stil-stil oor jare heen bo die ander uitgetroon. Pragtig en uniek.
Die oomblik word vasgevang. 'n Boom, geanker in God se aarde met glimlaggende stappers agter die bord en voor die boom.
As jy by dié boom stilstaan, oorweldig die hoogte en grootheid jou. Jy kyk op, maar kan amper nie die bokant sien nie, so hoog troon dit uit.
Dié boom het beslis brande, storms en woeste weer oorleef. Dit het die toets van die tyd (sover) weerstaan, oorleef.
Staan jy sterk midde storms? Groei jy en staan jy trots op vir jou waardes, jou menswees, jou Godsdiens?
Almal weet hoë bome vang die meeste wind, mense in belangrike posisies word die meeste gekritiseer. – Staan sterk.
Buig die boompie solank hy nog jonk is – vorm jou kind se karakter terwyl hy/sy nog klein is.
Die appel val nie vêr van die boom nie – Die geaardheid van die ouers word deur die kinders oorgeërf. Watse eienskappe van jouself wil jy in jou kinders sien?
Ek lees die volgende vir die eerste keer raak – om so slim soos 'n boom vol uile te wees. Dit verwys na 'n beterweterige persoon.
Soveel sêgoed oor bome oor die jare heen, ook in die Bybel (blokkie links). Van die mooiste woorde oor bome is die volgende: Familie is soos takke aan 'n boom. Almal groei in verskillende rigtings, maar ons wortels bly as een.

Boom van die Lewe (in die Bybel)

'n Boom in die Tuin van Eden en die paradys van God (Gén. 2:9; Openb. 2:7).
In Lehi se droom verteenwoordig die boom van die lewe die liefde van God en word na verwys as die grootste van al die gawes van God (1 Ne. 8; 11:21–22, 25; 15:36).
Gérubs en 'n vlammende swaard bewaak die toegang tot die boom van die lewe, Gén. 3:24 (Alma 12:21–23; 42:2–6).
Johannes het die boom van die lewe gesien en die blare het genesende krag gehad vir die nasies, Openb. 22:2.
Die ysterstaaf lei na die boom van die lewe, 1 Ne. 11:25 (1 Ne. 15:22–24).
Kom na die Here en neem van die vrug van die boom van die lewe, Alma 5:34, 62.
Die Here het die boom van die lewe in die middel van die tuin geplant, Moses 3:9 (Abr. 5:9).
God het Adam uit Eden gestuur sodat hy nie van die boom van die lewe sou eet en vir altyd lewe nie, Moses 4:28–31.

Kniewerk

Voorbidding vir :

- Ds. Petrie vir sy boodskap.
- Alfred Champion vir herstel & gesondheid.

BELYDENISAFLEGGING

Die datum vir die Belydenisaflegging bly tans soos aangedui op die kerk se kalender, Sondag 18 Oktober @ 09:00. Datum verandering sal gekommunikeer word, indien nodig. Reëlings vir die diens sal ooreenkomstig Covid 19 regulasies gedoen word.

Ds. Petrie

Video- en Geskrewe-boodskap

SONDAG 16 Augustus 2020

Video:

https://www.youtube.com/watch?v=OECScwYyKEs

Geskrewe boodskap:

https://www.lourensrivier.co.za/images/Gen_45v1-15.pdf

Geen eredienste of byeenkomste in kerkgebou tot verdere kennisgewing

Weens die hoë risiko van infeksie in die Wes-Kaap sal daar tot verdere kennis geen eredienste of byeenkomste in die kerkgebou wees nie. Ds. Petrie, Charlene en Riata werk van die huis af en kan enige tyd gekontak word. Mense wat graag wil help met kospakkies of donasies/gelde/dankoffer kan ons kontak en 'n afspraak maak om dit by die kerkkantoor af te gee.

Ds. Petrie 073 166 1306
e-pos: petrie@lourensrivier.co.za
Charlene 082 384 4037
e-pos: fin@lourensrivier.co.za
Riata 082 560 5283
e-pos: admin@lourensrivier.co.za

Dankie en voorspoed!
Pieter en Betsie Esterhuyse

Pieter en Betsie Esterhuyse verhuis na Bellville. Ons wil net baie dankie sê vir julle betrokkenheid by Lourensrivier Gemeente die afgelope 29 jaar.
Ons wens jul voorspoed toe met die nuwe avontuur en nuwe tuiste.

Besoek ons webblad:
Lourensrivier.co.za
Facebook blad:
Lourensrivier SeMense
Lifeline Youth
Lourensrivier Dinamiet KIEDZ:

VLAK 2 INPERKINGS - HOE RAAK DIT ONS EREDIENSTE?

Ons baie dankbaar is vir die verdere verligting en opheffing van sommige inperkingsregulasies soos onlangs deur ons president afgekondig. Ons bid en vertrou dat dit meer uitkoms en ekonomiese groei sal bring vir baie mense wat negatief deur die Covid-19-situasie geraak is. Wie sou ooit kon dink dat die jaar 2020 gaan lyk soos wat dit tans lyk? Ek het meer as ooit te vore besef hoe afhanklik ons van die Here se genade is.

Ongelukkig het daar, wat kerklike byeenkomste betref, geen verdere verligting gekom met die skuif na vlak 2 nie. Dieselfde regulasies geld steeds soos met vlak 3. Dit behels die volgende:

1. Slegs 50 persone word in die kerkgebou toegelaat.

2. Streng protokol moet gevolg word:
   a) By die deur moet hande gewas word met reinigingsmiddel.
   b) Koors moet geneem word.
   c) ‘n Presensielys moet ingevul word met elke persoon se naam en kontakbesonderhede.
   d) Die dra van gesigsmaskers is verpligtend en sosiale afstand van 2 meter moet in die banke gehandhaaf word.
   e) Gemeentesang word nie toegelaat nie.
   f) Sakramentbediening (Doop & Nagmaal) moet verkieslik nie plaasvind nie om die risiko van infeksies te vermy.
   g) Geen sosiale interaksie mag plaasvind nie - bv. tee/koffie in die voorportaal
   h) Die gebou moet voor en na elke erediens ontsmet en skoongemaak word.

3. Dieselfde protokol moet met begrafnisdienste gevolg word.

Uit bogenoemde blyk dat dit tans nog nie vir ons prakties is om met eredienste en kategese in die kerkgebou te begin nie (Begrafnisdienste word wel gehou). Kerklike byeenkomste was met die uitbreek van die pandemie ‘n groot bron van infeksies, en dit bemoeilik sake vir ons. Ons hoop om teen middel September groter verligting te kry, maar dis natuurlik geen waarborg nie.

Intussen gaan ons voort met die beplanning van ons Feesmark wat einde Oktober begin. Hopelik word ons teen daardie tyd toegelaat om dit te mag hou. Tensy daar iets drasties verander, sal die Belydenisaflegging van katkisante wel plaasvind op 18 Oktober, soos op ons kalender aangedui. Die protokol vir eredienste sal dan gevolg word.

Dankie vir elkeen se begrip en geduld in hierdie tyd. Ons sien daarna uit om die Here weer saam met mekaar in die kerkgebou te mag dien.

Groete in Christus
Petrie

Ons 80 + Verjaarsdae vir Augustus

Meisies Agter God

Kyk hier na die gesprek van Bennie en Stephanie Nel:

Deel een van gesprek:
https://www.youtube.com/watch?v=5EiTK3djHw0&t=98s
Deel twee van gesprek:
https://www.youtube.com/watch?v=6WWGELuFs7k&t=33s



BID: Decoligny (2020-08-13)

As gevolg van die situasie van Covid-19 is die kerkdeure van Decoligny gemeente toe, soos die geval is met die meeste ander gemeentes. Die vraag is ook vir Decoligny se lidmate wat "kerkwees" werklik beteken? Het ons nie te veel afhanklik geword van 'n gebou om ons geloof uit te leef en om "kerk van God" te wees nie? Wanneer Jesus met die Samaritaanse vrou by die put van Sigar praat (Joh. 4), sê Hy vir haar dat ons diens aan God nie oor 'n plek gaan nie, maar dat dit deur die Gees in ons harte moet wees. Baie van wat ons in die kerk doen, gaan oor die gebou (ons wil teruggaan na die kerkgebou toe) en nie so baie gaan oor wie dit is wat bymekaarkom nie. Die Nuwe Testament plaas nie die klem soseer op die gebou nie, maar op mense wat die liggaam van Christus is. Gee die Here nie vir ons in hierdie Covid-19 situasie tyd om weer opnuut te besin oor die ware "kerkwees" nie?

BID:

- Bid vir talle families wie se familie lede siek is of wat geliefdes verloor het as gevolg van Covid-19.
- Daar is 'n ongekende vrees by talle mense in die woonbuurte om siek te word van Covid-19
- Die grondbesetting van Decoligny se gronde gaan steeds voort. Daar is 'n hofsaak wat een of ander tyd moet voorkom, maar intussen bou mense onverpoos huise op die grond.

INLIGTING:

- Die datums van inhandiging van Sam se studie werkstukke, is die afgelope maande telkens uitgestel. Hy het wel voor die inperking tyd werkstukke ingehandig, maar het vir die afgelope vier maande geen terugvoering gekry nie.
- Fekicia sê dat in hierdie tyd wat finansies oral 'n probleem is, Sinethemba ook baie swaar getref word. Die ouers het nie geld om hul bydraes te gee nie en die donasies wat gemeentes en indiwidue gegee het, het baie verminder. Hulle sukkel tans om kos te koop vir die kinders. Sy sê dat die kinders gevra het dat sy verf koop sodat hulle weer self die geboue kan verf en netjies maak.

DANK:

- Dit gaan goed met die personeel en kinders by Sinethemba. Daar is tans net 28 kinders, omdat die meeste kinders nog nie teruggekom het van hul huise na die vakansie nie. Die personeel voel dat dit eintlik beter is so om die kinders wat tans daar is, wie se immuniteit in elk geval baie swak is, te beskerm.

(Inligting voorsien deur Sam Dandala (Decoligny) en Felicia Twantwa (Sinethemba)

Groete in Jesus Christus

Willem Botes
083 658 2154
wgpbotes@gmail.com

Nuus uit die omgewing / kursusse / inligting:

AccuCare Tuis Verpleging

Wanneer verswakking of siekte intree, kan dit 'n traumatiese uitdaging wees vir pasiënt en familie om normaal by die huis te funksioneer.

By AccuCare, glo ons dat om in die gemak van jou eie bekende omgewing te bly, emosioneel en fisies die gerieflikste en bekostigbaarste oplossing is.

AccuCare het 'n holistiese benadering en is toegewyd om ons kliënte met die beste tuis versorging te voorsien met die fokus op Onafhanklikheid, Sagmoedigheid, Respek en Integriteit. Ons pas ook aan by die persoonlike en unieke behoeftes van ons kliënte.

Ons tariewe is baie kompeterend en voorsien Dagdiens, Nagdiens, 24 uur diens, 5 ure diens asook Inslaap diens deur opgeleide versorgers.

AccuCare word bestuur deur die eienares Adele Eastes, wat self 'n opgeleide Ingeskrewe Verpleegkundige is met oor 20 jaar verpleeg ervaring.

Vir meer inligting, kontak **082 756 4898** (8vm - 4nm) of stuur 'n epos aan **info@accucare.co.za**

Besoek ook gerus ons webtuiste **www.accucare.co.za**

Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika vier op 23 Augustus 'n merkwaardige mylpaal: 200 jaar van Bybelgenootskapwerk in Suid-Afrika

Weens die Covid-19 pandemie hou ons 'n hele aantal virtuele geleenthede asook 'n **verbyry-verjaarsdagpartytjie**.

Diegene wat daarvan hou om aktief te wees, kan vir ons **Virtuele Hardloop en Stap vir Hoop** inskryf wat tydens ons verjaarsdagnaweek van 22 en 23 Augustus plaasvind. Hardloop of stap 5 km, 10 km, 21 km of 42 km, maar spring gou aangesien die inskrywings op 21 Augustus sluit. Kliek om te registreer: https://www.modernathlete.co.za/run-walk-for-hope-race/

Dagboek gerus ons feesviergeleenthede:

Verbyryverjaardagpartytjie

Die Bybelgenootskap nooi 'n ieder en 'n elk uit om op Saterdag, 22 Augustus, vanaf 09:00 by hul plaaslike Byehuis 'n draai te maak en daar 'n geskenk, in die vorm van 'n donasie, af te gee. Verbyryers kan net vinnig stop en hul geskenk afgee of kan ook uitklim en 'n Bybel of twee koop, alles binne die regulasies van sosiale distansiëring natuurlik. Vir meer inligting skakel jou naaste Bybelhuis.

Gedagte vir die week